Posbus 132, Persequor Park, 0020
Tel : 012 349 1102 Epos : rpo@lantic.net
www.stocktheftprevent.co.za

NUUSVRYSTELLING

(vir onmiddellike vrystelling)

NASIONALE VEEDIEFSTAL VOORKOMINGSFORUM

Die Nasionale Veediefstal Voorkomingsforum het op 20 November 2018 sy vergadering gehou waartydens die uitdagings wat die strafregstelsel en alle rolspelers wat betrokke is by veediefstal in Suid-Afrika in die gesig staar, bespreek is. Die volgende inligting is van belang:

Op nasionale vlak was daar in al die provinsies ‘n styging in die aantal vee wat gesteel is. Die provinsies met die hoogste toename is die Oos-Kaap gevolg deur KwaZulu-Natal en die Vrystaat. In Mpumalanga is daar ‘n toename in die diefstal van bokke. Die SAPD se Eenheid vir Veediefstal en Bedreigde Wildspesies het 30 stasies regoor die land geïdentifiseer wat ernstige aandag verg omdat hulle as die sogenaamde brandpunt-stasies ("Hotspot") beskou word.

Provinsie	**Polisiestasie**
Noordwes	Ventersdorp/Mogwase
Mpumalanga	Amersfoort/Dirkiesdorp
Gauteng	Bronkhorstspruit/Fochville
Limpopo	Lebowagomo/Matalala/Dennilton
Vrystaat	Harrysmith/Selosesha
KwaZulu-Natal	Escourt/Dannhauser/Bergville//Amangwe/Ntabamhlophe Utrecht

Oos-Kaap	Sulenkama/Bityi/Mtahata/Maluti /Mount Frere/Qumbu
Wes-Kaap	Caledon/Beaufortwes
Noordkaap	Hanover/Groblershoop

Die Nasionale Veediefstal Voorkomingsforum het besluit dat elke provinsie met die hulp van die plaaslike boerderygemeenskappe en veediefstaleenhede in die betrokke area ‘n Veediefstalinligtingsentrum (VIS) as ‘n saak van dringendheid moet daarstel om die hoë voorkoms van veediefstal in die verskillende gebiede aan te spreek. Die vergadering het besluit alle provinsies moet ten tye van die volgende geskeduleerde vergadering wat in Maart 2019 sal plaasvind, terugrapporteer oor die suksesvolle vestiging van die veediefstalinligtingsentrums asook die aksies wat op plaaslike vlak onderneem is om veediefstal te bekamp.

Ander aspekte wat tydens die vergadering bespreek is wat ernstige aandag moet geniet, is:

- Daar is aanbeveel dat die Minister van Landbou, Bosbou en Visserye die ouderdom waarteen beeste/kalwers gemerk moet word, wysig. Geen ongemerkte dier moet toegelaat word om verkoop te word nie, ongeag die ouderdom daarvan. Dit sal daartoe lei dat geen speenkalwers deur enige persoon of organisasie in die waardeketting gekoop of verkoop kan word sonder dat dit getattoeëer is nie, ongeag die ouderdom van die dier.
- Die opleiding van staatsaanklaers wat veediefstalsake vervolg moet die hoogste prioriteit geniet met inagneming van begroting- en personeelbeperkinge binne die Nasionale Vervolgingsgesag.
- Die Nasionale Veediefstalvoorkomingsforum sal ‘n dringende vergadering met die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye en die SAPD se regsadviseurs aanvra om die die publikasies van die Beweging van Diere en –Produktewet, sowel as die Skutwet, ernstig aan te spreek.

Met die inligting tot sy beskikking en met die feesseisoen en plantseisoen wat voorlê, versoek die Nasionale Veediefstal Voorkomingsforum die volgende:

- Dat **alle lewendehawe-eienaars ‘n unieke brandmerk in hul naam registreer en dit op al die lewendehawe in hul besit** op die voorgeskrewe manier volgens die Wet op Diere-identifikasie 2002, Wet 6 van 2002, aanbring;
- Die voltooiing en indiening van die “**Dokument van Identifikasie**” en die “**Veeverwyderingsertifikaat**” met alle transaksies;

- Dat **alle kopers van lewendehawe, afslaers, voerkrale en abattoirs** die **eienaarskap van vee bevestig** en **weier om vee te ontvang wat ongemerk is** of waar die nodige “Dokument van Identifikasie” en die “Veeverwyderingsertifikaat” nie voorsien word nie.
- Dat **alle “Dokumente van Identifiikasie” vir 12 maande op rekord gehou word**.
- Dat boere hul **lewendehawe gereeld tel** en dié praktyk nie tydens die plantseisoen agterweë laat nie. As die vee eers ná die plantseisoen getel word, is dit eenvoudig te laat om iets aan die saak te doen indien vee vermis word.
- Uit ‘n kriminologiese vertrekpunt word produsente aangeraai om die **roetines op hul plase gereeld te verander**. Oortreders kry toegang tot die roetines op plase en produsente wat dit nie gereeld aanpas nie, loop ‘n groter gevaar om die slagoffers van veediefstal te wees as diegene wat nie ‘n streng roetine volg nie. Aspekte wat verander kan word sluit in - dat diere nie elke dag op dieselfde tyd getel word nie en dat veeposte nie elke dag op dieselfde tyd besoek word nie.

Die Nasionale Veediefstal Voorkomingsforum versoek dat alle rolspelers in die rooivleisbedryf dringend ‘n aktiewe rol in die voorkoming van veediefstal begin speel. Die algemene publiek word ook versoek om behulpsaam te wees in dié verband.

- ooo O ooo -

23 November 2018

Navrae :

Mnr Willie Clack
Voorsitter: Nasionale Veediefstal Voorkomingsforum
Selfoon : **082 574 2653**
Epos : wclack@unisa.ac.za

Mnr Gerhard Schutte
HUB : RPO
Selfoon : **082 556 7296**
Epos: gerhard@rpo.co.za